BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA

OFFICIAL GAZETTE
EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

10c | Donderdag 26 Augustus 1976 | WINDHOEK | Thursday 26 August 1976 | No. 3557

INHOUD

ONTWERPORDONNANSIE:

Bladsy/Page

Behuisingsheffingsontwerpordonnansie, 1976 1088

CONTENTS

DRAFT ORDINANCE:

Bladsy/Page

Housing Levy Draft Ordinance, 1976 1089

ONTWERPORDONNANSIE

Die volgende Ontwerpordonnansie word vir algemene inligting gepubliseer.

H. P. F. GOUS,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

DRAFT ORDINANCE

The following Draft Ordinance is published for general information.

H. P. F. GOUS,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

ORDONNANSIE

Om voorsiening te maak vir die betaling van heffings aan plaaslike besture ten opsigte van volwasse werknemers wat in verklaarde behuisingsgebiede woon; om die aanwending van geld ten opsigte van sodanige heffings aan plaaslike besture betaal, te reël; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika, met die toestemming van die Staatspresident dermate sodanige toestemming nodig is vooraf verkry en by boodskap van die Administrateur aan die Vergadering meegedeel, VERORDEN SOOS VOLG:-

Woordomskrywing.

1. In hierdie Ordonnansie, tensy uit die samehang anders blyk, beteken —

(i) "aangewese werknemer" 'n werknemer wat die ouderdom van agtien jaar bereik het en in 'n verklaarde behuisingsgebied woon: Met dien verstande dat 'n persoon by die toepassing van hierdie Ordonnansie geag word in 'n verklaarde behuisingsgebied te woon op elke dag wat sy gewone woonplek nie elders as in bedoelde verklaarde behuisingsgebied is nie; (ii)

(ii) "heffing" die heffing bedoel in artikel 3; (vii)

(iii) "hierdie Ordonnansie" ook die regulasies; (xi)

(iv) "inspekteur" 'n inspekteur aangestel kragtens artikel 7; (vi)

(v) "plaaslike bestuur" 'n munisipaliteit wat gestig of ingestel is of geag word gestig of ingestel te wees kragtens die Munisipale Ordonnansie, 1963 (Ordonnansie 13 van 1963), of 'n dorpsbestuur wat ingestel is of geag word ingestel te wees kragtens die Ordonnansie op Dorpsbesture, 1963 (Ordonnansie 14 van 1963), of die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling ingestel kragtens die Ordonnansie op die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling, 1970 (Ordonnansie 19 van 1970); (viii)

(vi) "regulasie" 'n regulasie kragtens hierdie Ordonnansie uitgevaardig en van krag; (x)

ORDINANCE

To provide for the payment of levies to local authorities in respect of adult employees residing in declared housing areas; to regulate the utilisation of moneys paid to local authorities in respect of such levies; and to provide for matters incidental thereto.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, with the consent of the State President, in so far as such consent is necessary, previously obtained and communicated to the Assembly by message from the Administrator, as follows:-

Definitions.

1. In this Ordinance, unless the context otherwise indicates —

(i) "declared housing area" means any area which has been declared a declared housing area under section 2; (viii)

(ii) "designated employee" means an employee who has reached the age of eighteen years and who resides in a declared housing area: Provided that for the purposes of this Ordinance a person shall be deemed to reside in a declared housing area on every day on which his ordinary place of residence is not elsewhere than in the said declared housing area; (i)

(iii) "employee" means any person of any sex employed by, or working for, any other person or who in any manner whatsoever assists in the carrying on or conducting of the business of any other person, and includes any person who carries on any work —

(a) as a casual worker; or

(b) for his own account in any remunerative activity or as an independent contractor; (xi)

(iv) "employer" means any person who employs one or more designated employees or allows any such employee or employees to work for him, and includes the Government of the Republic of South Africa, the South African Railways and Harbours Administration and the

(vii) "Uitvoerende Komitee" die Administrateur-in-uitvoerende-komitee bedoel in artikel 6 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968); (v)

(viii) "verklaarde behuisingsgebied" 'n gebied wat kragtens artikel 2 tot 'n verklaarde behuisingsgebied verklaar is; (i)

(ix) "voorgeskryf" by regulasie voorgeskryf; (ix)

(x) "werkgewer" 'n persoon wat een of meer aangewese werknemers in sy diens het of toelaat om enige werk vir hom te verrig, en sluit in die Regering van die Republiek van Suid-Afrika, die Suid-Afrikaanse Spoorweg- en Hawens-administrasie en die Administrasie van Suidwes-Afrika, maar sluit uit 'n persoon vir wie werk verrig word deur 'n aangewese werknemer wat —

(a) as 'n los werker; of

(b) vir eie rekening in 'n winsgewende bedrywigheid of as 'n onafhanklike aannemer

werk verrig; (iv)

(xi) "werknemer" enige persoon van enige geslag wat in diens is van of werk verrig vir, enige ander persoon of wat op enige wyse hoegenaamd help om die besigheid van enige ander persoon voort te sit of te drywe, en ook iemand wat —

(a) as 'n los werker; of

(b) vir eie rekening in 'n winsgewende bedrywigheid of as 'n onafhanklike aannemer

werk verrig. (iii)

Verklaarde behuisingsgebiede.

2. (1) Die Uitvoerende Komitee kan na goeddunke die geheel of enige gedeelte van die gebied onder die regsbevoegdheid van 'n plaaslike bestuur tot 'n verklaarde behuisingsgebied verklaar en laat sodanige verklaring en 'n omskrywing van die gebied aldus tot verklaarde behuisingsgebied verklaar by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* afkondig.

(2) Verskillende gedeeltes van die gebied onder die regsbevoegdheid van dieselfde plaaslike bestuur kan kragtens subartikel (1) tot verskillende verklaarde behuisingsgebiede verklaar word.

(3) Die Uitvoerende Komitee kan —

(a) enige verklaring kragtens subartikel (1) te eniger tyd intrek;

Administration of South West Africa, but excludes any person for whom work is done by a designated employee who carries on work —

(a) as a casual worker; or

(b) for his own account in any remunerative activity or as an independent contractor; (x)

(v) "Executive Committee" means the Administrator-in-Executive-Committee referred to in section 6 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968); (vii)

(vi) "inspector" means an inspector appointed under section 7; (iv)

(vii) "levy" means the levy referred to in section 3; (ii)

(viii) "local authority" means a municipality established or constituted or deemed to have been established or constituted under the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963), or a village management board constituted or deemed to have been constituted under the Village Management Boards Ordinance, 1963 (Ordinance 14 of 1963), or the Peri-Urban Development Board established under the Peri-Urban Development Board Ordinance, 1970 (Ordinance 19 of 1970); (v)

(ix) "prescribed" means prescribed by regulation; (ix)

(x) "regulation" means a regulation made and in force under this Ordinance; (vi)

(xi) "this Ordinance" includes the regulations. (iii)

Declared housing areas.

2. (1) The Executive Committee may in its discretion declare the whole or any part of the area under the jurisdiction of a local authority to be a declared housing area and shall cause such declaration and a definition of the area so declared to be a declared housing area to be promulgated by notice in the *Official Gazette.*

(2) Different parts of the area under the jurisdiction of the same local authority may, under subsection (1), be declared to be different declared housing areas.

The Executive Committee may —

(a) at any time withdraw any declaration under subsection (1);

(b) enige omskrywing kragtens subartikel (1) te eniger tyd wysig,

en laat enige sodanige intrekking of wysiging by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* afkondig.

Betaling van heffings.

3. (1) (a) Behoudens die bepalings van paragraaf (b) en van subartikel (3), moet die werkgewer van elke aangewese werknemer aan die betrokke plaaslike bestuur, ten bate van 'n fonds wat sodanige plaaslike bestuur ingevolge artikel 5 moet instel, 'n heffing wat bereken word teen 'n skaal wat deur die Uitvoerende Komitee bepaal en by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* afgekondig word, betaal vir elke dag wat sodanige werkgewer bedoelde aangewese werknemer in sy diens het of toelaat om werk vir hom te verrig.

(b) Geen heffing word ingevolge paragraaf (a) betaal nie ten opsigte van enige aangewese werknemer wie se werkgewer aan hom huisvesting wat deur die betrokke plaaslike bestuur goedgekeur is, verskaf, indien geen bedrag, afgesien van enige bedrag wat kragtens 'n vasstelling of 'n ooreenkoms ingevolge die Ordonnansie op Lone en Nywerheidsversoening, 1952 (Ordonnansie 35 van 1952), toegelaat word, deur sodanige werkgewer vir sodanige huisvesting in rekening gebring word nie.

(2) Die bepalings van subartikel (1) is *mutatis mutandis* van toepassing op 'n plaaslike bestuur wat 'n aangewese werknemer in sy diens het of toelaat om werk vir hom te verrig.

(3) (a) Elke aangewese werknemer wat as 'n los werker werk verrig of vir eie rekening in 'n winsgewende bedrywigheid of as 'n onafhanklike aannemer werk verrig, moet vir elke dag wat hy in 'n verklaarde behuisingsgebied woon die heffing bedoel in subartikel (1) aan die betrokke plaaslike bestuur betaal ten bate van die fonds bedoel in genoemde subartikel.

(b) Geen heffing word ingevolge paragraaf (a) deur enige in daardie paragraaf bedoelde aangewese werknemer betaal nie, indien sodanige aangewese werknemer in sy eie huisvesting wat deur die betrokke plaaslike bestuur goedgekeur is, voorsien.

(4) Verskillende skale kan kragtens subartikel (1) ten opsigte van —

(a) verskillende verklaarde behuisingsgebiede;

(b) at any time amend any definition under subsection (1),

and shall cause any such withdrawal or amendment to be promulgated by notice in the *Official Gazette.*

Payment of levies.

3. (1) (a) Subject to the provisions of paragraph (b) and of subsection (3), the employer of every designated employee shall pay to the local authority concerned, for the benefit of a fund to be established by such local authority in terms of section 5, a levy calculated at a rate determined by the Executive Committee and promulgated by notice in the *Official Gazette,* for every day on which such employer employs the said designated employee or allows the said designated employee to work for him.

(b) No levy shall be paid in terms of paragraph (a) in respect of any designated employee whose employer provides him with accommodation approved by the local authority concerned, if no charge, apart from any amount permitted by a determination or agreement in terms of the Wage and Industrial Conciliation Ordinance, 1952 (Ordinance 35 of 1952), is made by such employer for such accommodation.

(2) The provisions of subsection (1) shall apply *mutatis mutandis* to any local authority which employs any designated employee or allows any designated employee to work for it.

(3) (a) Every designated employee who carries on any work as a casual worker or who carries on any work for his own account in any remunerative activity or as an independent contractor, shall, for every day he resides in a declared housing area, pay the levy referred to in subsection (1) to the local authority concerned for the benefit of the fund referred to in the said subsection.

(b) No levy shall be paid in terms of paragraph (a) by any designated employee referred to in that paragraph if such designated employee provides for his own accommodation which has been approved by the local authority concerned.

(4) Different rates may be determined under subsection (1) in respect of —

(a) Different declared housing areas;

(b) verskillende tipes behuising in enige verklaarde behuisingsgebied

bepaal word.

(5) Wanneer daar by 'n geding ingevolge hierdie Ordonnansie bewys word dat 'n aangewese werknemer volgens 'n register van indiensplasings wat ingevolge enige wet gehou word in diens van 'n werkgewer geregistreer is, word sodanige werkgewer, totdat die teendeel bewys word, geag sodanige aangewese werknemer in sy diens te gehad het op elke dag dwarsdeur die tydperk wat sodanige aangewese werknemer aldus in sy diens geregistreer gebly het.

Verbod op vermindering van lone.

4. Geen werkgewer of plaaslike bestuur mag die salaris, loon of toelae van 'n aangewese werknemer verminder of 'n bedrag daarvan aftrek of 'n aangewese werknemer se diens beëindig op grond van die feit dat daardie werkgewer of plaaslike bestuur, na gelang, ingevolge hierdie Ordonnansie 'n heffing ten opsigte van daardie aangewese werknemer moet betaal nie.

Instelling van Behuisingsheffingsfonds.

5. 'n Plaaslike bestuur moet, sodra heffings aan hom betaalbaar word ingevolge hierdie Ordonnansie, 'n fonds instel wat die Behuisingsheffingsfonds heet en moet alle geld ten opsigte van sodanige heffings aan hom betaal in die rekening van die Behuisingsheffingsfonds inbetaal: Met dien verstande dat indien verskillende gedeeltes van die gebied onder die regsbevoegdheid van 'n plaaslike bestuur kragtens artikel 2 tot verskillende verklaarde behuisingsgebiede verklaar word, daar ten opsigte van elke sodanige verklaarde behuisingsgebied 'n afsonderlike Behuisingsheffingsfonds ingestel moet word.

Aanwending van geld in Behuisingsheffingsfonds.

6. (1) 'n Plaaslike bestuur wend die geld in 'n Behuisingsheffingsfonds aan slegs vir —

(a) die administrasiekoste verbonde aan hierdie Ordonnansie;

(b) enige uitgawe deur die Uitvoerende Komitee goedgekeur —

(i) vir die voorsiening van behuising in die betrokke verklaarde behuisingsgebied;

(ii) as 'n bydrae tot die delging van kapitaal en rente verskuldig ten opsigte van lenings opgeneem vir die voorsiening van behuising in die betrokke verklaarde behuisingsgebied;

(iii) enige ander doel hoegenaamd wat die Uitvoerende Komitee goedvind.

(2) Enige geld in 'n Behuisingsheffingsfonds wat nie vir onmiddellike gebruik nodig is nie, kan in daardie inrigtings wat deposito's ontvang deur die Uitvoerende Komitee goedgekeur, belê word op die voorwaardes en vir die tydperke wat voorgeskryf word.

(b) different types of housing in any declared housing area.

(5) If in any legal proceedings in terms of this Ordinance it is proved that according to a record of employment kept under any law, a designated employee is registered in the employment of an employer, such employer shall, until the contrary is proved, be deemed to have employed such designated employee on every day throughout the period such designated employee remained so registered in his employment.

Prohibition of reduction of wages.

4. No employer or local authority shall reduce, or deduct any amount from, the salary, wages or allowances of a designated employee, or terminate the employment of a designated employee by reason of the fact that such employer or local authority, as the case may be, is required in terms of this Ordinance to pay a levy in respect of such designated employee.

Establishment of Housing Levy Fund.

5. A local authority shall, as soon as levies become payable to it in terms of this Ordinance, establish a fund to be known as the Housing Levy Fund and shall pay all moneys paid to it in respect of such levies into the account of the Housing Levy Fund: Provided that if different parts of the area under the jurisdiction of a local authority are declared to be different declared housing areas under section 2, a separate Housing Levy Fund shall be established in respect of every such declared housing area.

Utilisation of moneys in Housing Levy Fund.

6. (1) A local authority shall utilise the moneys in a Housing Levy Fund only for —

(a) the cost of administration of this Ordinance;

(b) any expenditure approved by the Executive Committee —

(i) for the provision of housing in the declared housing area concerned;

(ii) as a contribution to the redemption of capital and interest due in respect of loans taken up for the provision of housing in the declared housing area concerned;

(iii) any other purpose whatsoever which the Executive Committee may deem fit.

(2) Any moneys in a Housing Levy Fund which is not required for immediate use may be invested in those deposit receiving institutions approved by the Executive Committee on such conditions and for such periods as may be prescribed.

Aanstelling van Inspekteurs.

7. 'n Plaaslike bestuur waaraan heffings betaalbaar is ingevolge hierdie Ordonnansie, kan een of meer inspekteurs aanstel wat die bevoegdhede uitoefen en die werksaamhede en pligte verrig wat voorgeskryf word.

Regulasies.

8. Die Uitvoerende Komitee kan regulasies uitvaardig met betrekking tot —

(a) enigiets wat ingevolge hierdie Ordonnansie voorgeskryf moet of kan word;

(b) die tye wanneer en die wyse waarop heffings wat ingevolge hierdie Ordonnansie aan of deur 'n plaaslike bestuur betaalbaar is, betaal moet word, die besonderhede wat deur 'n persoon wat sodanige betaling doen by so 'n plaaslike bestuur ingedien moet word wanneer betaling van 'n heffing wat aldus deur hom betaalbaar is, geskied en die wyse waarop sodanige besonderhede verstrek moet word;

(c) die opgawes wat deur werkgewers (met inbegrip van plaaslike besture) gehou moet word van aangewese werknemers ten opsigte van wie heffings ingevolge hierdie Ordonnansie betaalbaar is;

(d) die vasstelling van die bedrag van die heffing betaalbaar ingevolge hierdie Ordonnansie waar bevredigende opgawes waaruit sodanige bedrag vasgestel kan word, nie beskikbaar is nie

en in die algemeen met betrekking tot enige aangeleentheid in verband waarmee die Uitvoerende Komitee dit nodig of wenslik ag om regulasies uit te vaardig ten einde die oogmerke en doelstellings van hierdie Ordonnansie te bereik en die doeltreffende uitvoering van die bepalings daarvan te verseker.

Misdrywe en strawwe.

9. (1) Iemand wat —

(a) 'n bepaling van hierdie Ordonnansie oortree of versuim om daaraan te voldoen;

(b) ingevolge die regulasies of in 'n opgawe wat hy ingevolge die regulasies moet indien besonderhede of inligting wat in 'n wesenlike opsig vals is, verstrek met die wete dat dit vals is of sonder dat hy rede gehad het om te glo dat dit juis is;

(c) valslik voorgee dat hy 'n inspekteur is; of

(d) 'n inspekteur by die uitoefening van sy bevoegdhede of die verrigting van sy werksaamhede of pligte ingevolge 'n regulasie hinder of belemmer of weier of versuim om te voldoen aan 'n vereiste deur 'n inspekteur by die uitoefening van bedoelde bevoegdhede of die verrigting van bedoelde werksaamhede of pligte gestel,

Appointment of Inspectors.

7. A local authority to which levies are payable in terms of this Ordinance may appoint one or more inspectors who shall exercise such powers and perform such functions and duties as may be prescribed.

Regulations.

8. The Executive Committee may make regulations in relation to —

(a) any matter which is required or permitted to be prescribed in terms of this Ordinance;

(b) the times at which and the manner in which levies payable to or by a local authority in terms of this Ordinance shall be paid, the particulars to be lodged with any such local authority by a person making such payment, when making payment of a levy so payable by him, and the manner in which such particulars shall be furnished;

(c) the records to be kept by employers (including local authorities) of designated employees in respect of whom levies are payable in terms of this Ordinance;

(d) the determination of the amount of the levy payable under this Ordinance where satisfactory records from which such amount can be determined are not available,

and generally in relation to any matter in connection with which the Executive Committee may deem it necessary or desirable to make regulations in order to achieve the aims and objects of this Ordinance and to ensure the effective execution of the provisions thereof.

Offences and penalties.

9. (1) Any person who —

(a) contravenes or fails to comply with any provision of this Ordinance;

(b) in terms of the regulations or in any return which he is in terms of the regulations required to submit, furnishes particulars or information which is false in any material respect knowing the same to be false or without his having had reason to believe it to be true;

(c) falsely holds himself out to be an inspector; or

(d) obstructs or interferes with an inspector in the exercise of his powers or the performance of his functions or duties in terms of any regulation, or refuses or fails to comply with any requirement made by an inspector in the exercise of the said powers or the performance of the said functions or duties,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyfhonderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande of met sowel sodanige boete as sodanige gevangenisstraf.

(2) Die hof wat iemand skuldig bevind aan 'n misdryf weens —

(a) versuim om 'n bedrag te betaal wat by wyse van 'n heffing deur hom verskuldig was, kan benewens enige straf ten opsigte van daardie misdryf opgelê, die persoon aldus skuldig bevind beveel om aan die plaaslike bestuur waaraan bedoelde bedrag betaalbaar was 'n bedrag te betaal gelyk aan die bedrag wat aldus betaalbaar was, plus 'n addisionele bedrag van hoogstens tien persent daarvan of een rand, na gelang van welke die grootste is;

(b) 'n oortreding van 'n bepaling van artikel 4, kan benewens enige straf ten opsigte van daardie misdryf opgelê, die persoon aldus skuldig bevind beveel om aan enige aangewese werknemer ten opsigte van wie die misdryf gepleeg is 'n bedrag van hoogstens honderd rand te betaal by wyse van vergoeding vir verlies deur daardie aangewese werknemer gely ten gevolge van bedoelde misdryf,

en so 'n bevel het die uitwerking van 'n siviele vonnis van daardie hof.

(3) 'n Landdroshof is bevoeg om enige straf op te lê of bevel uit te vaardig waarvoor in hierdie artikel voorsiening gemaak word.

Vermoedens.

10. Wanneer daar by 'n geding ingevolge hierdie Ordonnansie twyfel ontstaan of —

(a) 'n persoon in 'n verklaarde behuisingsgebied woon, word sodanige persoon geag in sodanige verklaarde behuisingsgebied te woon;

(b) 'n werknemer die ouderdom van agtien jaar bereik het, word sodanige werknemer geag daardie ouderdom te bereik het;

(c) 'n werkgewer 'n aangewese werknemer in diens het of gehad het of toegelaat het om enige werk vir hom te verrig, word sodanige werkgewer geag sodanige aangewese werknemer in diens te gehad het of toe te gelaat het om bedoelde werk vir hom te verrig

totdat die teendeel bewys word.

Herroeping van wette.

11. Die wette genoem in die Bylae word hierby herroep.

shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding five hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding six months or to both such fine and such imprisonment.

(2) The court convicting any person of an offence on account of —

(a) failure to pay an amount which was payable by him by way of a levy may, in addition to any penalty imposed in respect of that offence, order the person so convicted to pay to the local authority to which such amount was payable, an amount equal to the amount which was so payable, plus an additional amount not exceeding ten per cent thereof or one rand, whichever is the greater;

(b) a contravention of any provision of section 4, may, in addition to any penalty imposed in respect of that offence, order the person so convicted to pay to any designated employee in respect of whom the offence was committed, an amount not exceeding one hundred rand by way of compensation for loss suffered by that designated employee in consequence of the said offence,

and any such order shall have the effect of a civil judgment of that court.

(3) A magistrate's court shall have jurisdiction to impose any penalty or make any order provided for in this section.

Presumptions.

10. Whenever in any legal proceedings in terms of this Ordinance doubt arises as to whether —

(a) any person resides in a declared housing area, such person shall be deemed to reside in such declared housing area;

(b) any employee has reached the age of eighteen years, such employee shall be deemed to have reached that age;

(c) an employer employs or has employed any designated employee or has allowed any designated employee to work for him such employer shall be deemed to have employed such designated employee or to have allowed such designated employee to perform such work for him

until the contrary is proved.

Repeal of laws.

11. The laws mentioned in the Schedule are hereby repealed.

Kort titel en inwerkingtreding.

12. Hierdie Ordonnansie heet die Behuisingsheffingsordonnansie, 1976, en tree in werking op 'n datum wat deur die Uitvoerende Komitee bepaal en by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* afgekondig word.

BYLAE

WETTE HERROEP.

Nommer en Jaar van Wet	Titel
Ordonnansie 33 van 1961.	Ordonnansie insake Heffings en Bydraes vir Inboorlingbehuising, 1961.
Ordonnansie 10 van 1966.	Wysigingsordonnansie insake Heffings vir Inboorlingbehuising 1966.
Ordonnansie 24 van 1967.	Wysigingsordonnansie op Heffings vir Inboorlingbehuising 1967.
Ordonnansie 42 van 1967.	Verdere Wysigingsordonnansie op Heffings vir Inboorlingbehuising 1967.
Ordonnansie 17 van 1971.	Wysigingsordonnansie op Heffings en Bydrae vir Inboorlingbehuising, 1971.
Ordonnansie 10 van 1975.	Wysigingsordonnansie insake Heffings en Bydraes vir Inboorlingbehuising, 1975.
Ordonnansie 7 van 1976.	Wysigingsordonnansie insake Heffings en Bydraes vir Inboorlingbehuising, 1976.

12. This Ordinance shall be called the Housing Levy Ordinance, 1976, and shall come into operation on a date to be determined by the Executive Committee and promulgated by notice in the *Official Gazette.*

Short title and commencement.

SCHEDULE

LAWS REPEALED.

Number and year of Law	Title
Ordinance 33 of 1961.	Native Housing Levy and Contributions Ordinance, 1961.
Ordinance 10 of 1966.	Native Housing Levy Amendment Ordinance, 1966.
Ordinance 24 of 1967.	Native Housing Levy Amendment Ordinance, 1967.
Ordinance 42 of 1967.	Native Housing Levy Further Amendment Ordinance, 1967.
Ordinance 17 of 1971.	Native Housing Levies and Contributions Amendment Ordinance, 1971.
Ordinance 10 of 1975.	Native Housing Levy and Contributions Amendment Ordinance, 1975.
Ordinance 7 of 1976.	Native Housing Levy and Contributions Amendment Ordinance, 1976.